Onderstaande kennisgewings wat betrekking het op die administrasie van die Provinsie Transvaal word op gesag van die Administrateur vir algemene inligting gepubliseer.

H. F. CLEAVER,

Waarnemende Provinsiale Sekretaris.

Kantoor van die Administrateur van Transvaal, Pretoria.

Administrateurskennisgewing No. 116.] [19 Februarie 1958.
MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG. — VOOR-
GESTELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel tien van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Johannesburg, 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel nege (7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Johannesburg verander deur die gebiede wat in bygaande Bylae omskryf word daarin op te neem.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eertse publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Administrateur 'n teenpetisie voor te lê met vermelding van die gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

T.A.L.G. 3/2/2.

PROVINCIAL ADMINISTRATION.

ADMINISTRATOR'S NOTICES.

The following notices relating to the administration of the Province of the Transvaal are published under the authority of the Administrator for general information.

H. F. CLEAVER,

Acting Provincial Secretary,

Office of the Administrator of Transvaal, Pretoria.

Administrator's Notice No. 116.] [19 February 1958.
JOHANNESBURG MUNICIPALITY. — PROPOSED
ALTERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given in terms of section ten of the Local Government Ordinance, 1939, that the Johannesburg City Council has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section nine (7) of the said Ordinance, alter the boundaries of the Johannesburg Municipality by the incorporation of the areas described in the Schedule hereto.

It is competent for all persons interested within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette* to present to the Administrator a counter-petition setting forth the grounds of opposition to the Council's proposal.

T.A.L.G. 3/2/2.

BYLAE.

(a) Sekere gedeeltes van die plaas Rietfontein No. 8, distrik Germiston, geleë aan Georgelaan, Sandringham, soos aangedui op Kaart L.G. No. A.2627/57.

(b) Resterende gedeelte van die plaas Waterval No. 60, distrik Roodepoort, soos aangedui op Kaart L.G. No. A.2627/57.

(c) Sekere kleinere reëlins van munisipale grond soos aangedui op Plan L.G. No. A.2627/57.

Administrateurskennisgewing No. 143.] [26 Februarie 1958.
MUNISIPALITEIT VEREENIGING.—OPHEFFING VAN VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN PLAASLIKE - BESTUUR - BELASTINGORDONNANSIE, 1933, TEN OPSIGTE VAN SEKERE GEBIEDE.

Ingevolge artikel *tien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Vereeniging 'n petisie by die Administrateur ingedien het waarin hy versoek word om die bevoegdheid aan hom verleen by subartikel (10) van artikel *nege* van genoemde Ordonnansie uit te oefen deur die intrekking van die vrystelling van die bepaling van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, ten opsigte van die eiendom wat in die bygaande Bylae beskryf word.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Offisiële Koerant van die Provinsie* aan die Administrateur 'n teen-petisie voor te lê met vermelding van gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

T.A.L.G. 3/2/36.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT VEREENIGING.—OMSKRYWING VAN GEBIEDE WAARVAN VRYSTELLING VAN BELASTING INGETREK SAL WORD.

1. Ebenhaezer-Landbouhoewes.
2. Harmoniesrus-Landbouhoewes, distrik Vereeniging.

Administrateurskennisgewing No. 148.] [5 Maart 1958.
MUNISIPALITEIT VANDERBIJLPARK.—WYSIGING VAN EENVORMIGE VERKEERSVERORDENINGE EN REGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/98/34.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT VANDERBIJLPARK.—WYSIGING VAN EENVORMIGE VERKEERSVERORDENINGE EN REGULASIES.

Die Eenvormige Verkeersverordeninge en Regulasies, van toepassing op die Munisipaliteit Vanderbijlpark, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 243, van 21 Maart 1951, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die volgende aan artikel 73 toe te voeg:—

- „(c) Niemand mag, oordag of snags, in enige straat of op enige perseel wat daaraan grens, die openbare rus verstoer deur 'n geraas te maak, te skree, te bulder, te twis, rusie te maak, 'n sameloop van persone te veroorsaak, hetsy deur middel van 'n luidspreker of dergelike toestel hetsy deur oproerige, gewelddadige of onbetaamlike gedrag nie.”

SCHEDULE.

(a) Certain portions of the farm Rietfontein No. 8, District Germiston, adjoining George Avenue, Sandringham, as indicated on Plan S.G. No. A.2627/57.

(b) Remaining extent of the farm Waterval No. 60, District Roodepoort, as indicated on Plan S.G. No. A.2627/57.

(c) Certain minor adjustments of Council-owned land as indicated on Plan S.G. No. A.2627/57.

19-26-5

Administrator's Notice No. 143.] [26 February 1958.
VEREENIGING MUNICIPALITY.—WITHDRAWAL OF EXEMPTION FROM PROVISIONS OF THE LOCAL AUTHORITIES RATING ORDINANCE, 1933—CERTAIN AREAS.

Notice is hereby given in terms of section *ten* of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Vereeniging has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by sub-section (10) of section *nine* of the said Ordinance withdraw the exemption from the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, in regard to the properties described in the Schedule hereto.

It is competent for any person or persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to present to the Administrator a counter-petition setting forth the grounds of opposition to the Council's proposal.

T.A.L.G. 3/2/36.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF VEREENIGING.—DESCRIPTION OF AREAS IN RESPECT OF WHICH EXEMPTION FROM RATING WILL BE WITHDRAWN.

1. Ebenhaezer Agricultural Holdings.
2. Harmoniesrus Agricultural Holdings, District Vereeniging.

26-5-12

Administrator's Notice No. 148.] [5 March 1958.
MUNICIPALITY OF VANDERBIJLPARK.—UNIFORM TRAFFIC BY-LAWS AND REGULATIONS AMENDMENT.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/98/34.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF VANDERBIJLPARK.—UNIFORM TRAFFIC BY-LAWS AND REGULATIONS AMENDMENT.

Amend the Traffic By-laws and Regulations, applicable to the Municipality of Vanderbijlpark, published under Administrator's Notice No. 243, dated the 21st March, 1951, as amended, by the addition of the following to section 73:—

- “(c) No person shall disturb the public peace by making noises or by shouting, roaring, wrangling, quarrelling or collecting a crowd either by using a loudspeaker or similar device, or by riotous, violent or unseemly behaviour by day or by night in any street, or on any premises abutting thereon.”

Administrateurskennisgewing No. 149.]

[5 Maart 1958.]

MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP.—WYSIGING VAN EENVORMIGE WATERVOORSIENINGS-VERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/104/18.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP.—WYSIGING VAN EENVORMIGE WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Eenvormige Watervoorsieningsverordeninge van toepassing op die Munisipaliteit Krugersdorp, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 787 van 18 Oktober 1950, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item *(dd)* van subparagraaf (ii) van paragraaf (a) van Bylae VI te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

- | | |
|---|---------|
| „(dd) Vir elke 1,000 gellings of gedeelte daarvan bo 400,000 gellings tot op 7,500,000 gellings wat in dieselfde maand geneem word | £ s. d. |
| | 0 1 5 |
| (ee) Vir elke 1,000 gellings of gedeelte daarvan bo 7,500,000 gellings wat in dieselfde maand geneem word | 0 1 3.” |

Administrateurskennisgewing No. 150.]

[5 Maart 1958.]

MUNISIPALITEIT POTCHEFSTROOM.—WYSIGING VAN PENSIOEN-BYWETTE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/71/26.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT POTCHEFSTROOM.—WYSIGING VAN PENSIOENBYWETTEN.

Die Pensioenbywetten van die Munisipaliteit Potchefstroom, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 43 van 28 Januarie 1920, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. *Artikel 1.*—Deur die woordbepaling van „pensioen-draende emolumente” te skrap en dit deur die volgende woordbepaling te vervang:—

„„pensioendraende emolumente” sal insluit—

- (a) salaris;
- (b) die beraamde huurgeldwaarde van kwartiere, hetsy dit die eiendom van die Raad is of nie, wanneer ook al die lid toegelaat word om genoemde kwartiere vry van huur as gedeelte van sy emolumente te bewoon, of enige toelae ter vervanging van die beskikbaarstelling van vry kwartiere toegestaan, en sodanige huurgeldwaarde of toelae word vir hierdie doel bereken teen 'n bedrag gelykstaande aan een-sesde van die salaris;
- (c) een-derde van die totaal van die bedrae ingevolge paragrafe (a) en (b) maar nie driehonderd pond per jaar te bowegaande nie: Met dien verstande dat, indien die salaris van 'n lid 'n bedrag insluit wat voorheen as lewenskostetoelae betaal is, die bedrag ooreenkomstig die bepalings van hierdie paragraaf die verskil is, (as daar 'n verskil is) van een-derde van die totaal van die bedrae kragtens paragrafe (a)

Administrator's Notice No. 149.]

[5 March 1958.]

MUNICIPALITY OF KRUGERSDORP.—UNIFORM WATER SUPPLY BY-LAWS AMENDMENT.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/104/18.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF KRUGERSDORP.—UNIFORM WATER SUPPLY BY-LAWS AMENDMENT.

Amend the Uniform Water Supply By-laws, applicable to the Municipality of Krugersdorp, published under Administrator's Notice No. 787, dated the 18th October, 1950, as amended, by the deletion of item *(dd)* of subparagraph (ii) of paragraph (a) of Annexure VI and the substitution therefor of the following:—

- | | |
|--|---------|
| “(dd) For each 1,000 gallons or part thereof exceeding 400,000 gallons, up to 7,500,000 gallons taken in the same month | £ s. d. |
| | 0 1 5 |
| (ee) For each 1,000 gallons or part thereof exceeding 7,500,000 gallons taken in the same month | 0 1 3.” |

Administrator's Notice No. 150.]

[5 March 1958.]

MUNICIPALITY OF POTCHEFSTROOM.—PENSION FUND BY-LAWS AMENDMENT.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/71/26.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF POTCHEFSTROOM.—PENSION BY-LAWS AMENDMENT.

Amend the Pension By-laws of the Municipality of Potchefstroom, published under Administrator's Notice No. 43, dated the 28th January, 1920, as amended, as follows:—

1. *Section 1.*—By the deletion of the definition of “pensionable emoluments” and the substitution therefor of the following:—

““pensionable emoluments” shall include—

- (a) salary;
- (b) the estimated rental value of quarters, whether belonging to the Council or not, whenever a member is allowed to occupy quarters free of rent as a portion of his emoluments, or any allowance granted in lieu of the provision of free quarters, and such rental value or allowance shall for this purpose be assessed at a sum equal to one-sixth of the salary;
- (c) one-third of the total of the amounts under paragraphs (a) and (b), but not exceeding three hundred pounds per year: Provided that, if the salary of a member includes an amount that was previously paid as cost of living allowance, the amount in accordance with the provisions of this paragraph shall be the excess, if any, of one-third of the total of the amounts under

en (b) uitsluitende die genoemde bedrag voorheen as lewenskostetoelae betaal, of driehonderd pond per jaar, naamlik, die bedrag wat die minste is, bo die genoemde bedrag voorheen as lewenskostetoelae betaal; maar uitsluitende—

- (1) enige spesiale besoldiging wat 'n lid ontvang ten opsigte van spesiale dienste uitgevoer, of terwyl hy in 'n sekere hoedanigheid waarneem, hetsy permanent of tydelik vakant;
- (2) enige vervoertoelae of verblyftoelae;
- (3) enige gelde, vergoedings, of bonusse van enige aard;
- (4) oortydbetaling;
- (5) enige ander toelae nie hierbo gespesifiseer nie."

2. Deur in artikel 8 die woorde „ses en een half” te skrap en dit deur die woord „sewe” te vervang.

3. Deur die volgende aan artikel 12 toe te voeg:—

„(5) 'n Lid wat op 1 Julie 1957 drie-en-vyftig jaar of ouer is, kan kies om van sy drie-en-vyftigste verjaarsdag tot die fonds by te dra asof paragraaf (c) van die woordbepaling van „pensioendraende emolumente” op genoemde datum van toepassing was: Met dien verstande dat genoemde keuse binne 'n tydperk van twee maande na die afkondiging van hierdie wysiging gedoen word en dat die agterstallige bydraes, tesame met rente teen 4 persent per jaar jaarliks saamgestel, onverwyld in een ronde som betaal word, of, met die goedkeuring van die Komitee, oor 'n tydperk deur die Komitee goedgekeur."

4. Deur in artikel 14 die woord „tien” te skrap en dit deur die woord „sewe” te vervang.

5. Deur artikel 15 te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

„15. (1) Bestaande lede van die fonds soos op die datum van die afkondiging van hierdie wysiging sal geregtig wees om op die ouderdom van sestig jaar af te tree en sal verplig wees om op hierdie ouderdom af te tree [behoudens die bepalings van subartikel (3)], tensy die Raad dit in die openbare belang nodig of wenslik ag dat sy dienste verleng word vir 'n verdere tydperk wat in elke geval nie drie jaar oorskry nie, in welke geval die lid se aftree-ouderdom met sy toestemming diensooreenkomstig verleng sal word.

(2) Nuwe lede van die fonds, d.w.s. lede wat op of na die datum van die afkondiging van hierdie wysiging by die fonds aangesluit het, sal geregtig wees om op die ouderdom van drie-en-sestig jaar af te tree, en sal verplig wees om op hierdie ouderdom af te tree, behoudens die bepalings van subartikel (3).

(3) Enige lid wat die ouderdom van vyf-en-vyftig jaar bereik het, maar nog nie die aftree-ouderdom wat in sy geval van toepassing is, bereik het nie, sal geregtig wees om af te tree met 'n jaargeld ooreenkomstig die bepalings van artikel 14 bereken, maar gebaseer op sy gemiddelde pensioendraende emolumente gedurende die sewe jaar van bydraende diens wat sy uitdienstreding voorafgaan en verminder met twee-vyftes van een persent vir elke maand of gedeelte van 'n maand wat sy aftree-ouderdom minder is as die normale aftree-ouderdom wat in sy geval van toepassing is.

(4) Indien 'n lid na die ouderdom van sestig jaar ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) aftree, word die jaargeld bereken ingevolge artikel 14 in sy geval vermeerder met twee-vyftes van een persent vir elke voltooide maand waarmee die ouderdom van die lid by uitdienstreding die ouderdom van sestig jaar oorskry.

(5) 'n Lid wat nie die aftree-ouderdom bereik het nie, maar wat vir 'n tydperk van tien jaar of langer in die diens van die Raad gewees het, is op 'n pensioen geregtig ingevolge die bepalings van artikel 14 indien sy diens tydperk met die Raad beëindig word—

(a) as gevolg van die feit dat hy nie meer bevoeg is om sy dienste doeltreffend uit te voer nie weens swakte van verstand of liggaam, wat nie deur sy eie nalatigheid veroorsaak is nie;

paragraphs (a) and (b), exclusive of the said amount previously paid as cost of living allowance, or three hundred pounds a year, whichever is the lesser, over the said amount previously paid as cost of living allowance; but shall exclude—

- (1) any special remuneration which a member may receive for performing special duties or while acting in an office, whether permanently or temporarily vacant;
- (2) any locomotion or subsistence allowance;
- (3) any fees, honorariums, or bonuses of any kind;
- (4) overtime payment;
- (5) any other allowance not herein specified."

2. By the deletion in section 8 of the words “six and one-half”, and the substitution therefor of the word “seven”.

3. By the addition to section 12 of the following:—

“(5) A member who was fifty-three years or older on the 1st July, 1957, may elect to contribute to the Fund as from his fifty-third birthday, as if paragraph (c) of the definition of ‘pensionable emoluments’ had been in force at that date: Provided that such election is made within a period of two months after date of promulgation of these amendments and that the arrear contributions, together with interest at four per cent, per annum compounded annually, are paid forthwith in a lump sum, or, with the consent of the Committee, are paid over a period to be approved by the Committee.”

4. By the deletion in section 14 of the word “ten” and the substitution therefor of the word “seven”.

5. By the deletion of section 15 and the substitution therefor of the following:—

“15. (1) Existing members of the Fund as at the date of promulgation of these amendments shall have the right to retire at the age of sixty years, and shall be required so to retire [subject to the provisions of sub-section (3)] unless the Council considers it necessary or desirable in the public interest that his services should be retained for a further period which shall not exceed three years in any case; in which case the member's retiring age shall, with his concurrence, be extended accordingly.

(2) New members of the Fund, that is to say, members joining the Fund on or after the date of promulgation of these amendments, shall have the right to retire at the age of sixty-three years, and shall be required so to retire subject to the provisions of sub-section (3).

(3) Any member who has attained the age of fifty-five years, but who has not attained the retiring age applicable in his case, may retire with an annuity calculated in accordance with the provisions of section 14, but based on his average pensionable emoluments during the seven years of contributory service prior to his retirement, and reduced by two-fifths of one per cent for each month or part of a month by which his age on retirement is less than the normal retiring age applicable in his case.

(4) If a member retires after the age of sixty years in terms of sub-section (1) the annuity calculated in terms of section 14 shall in his case be increased by two-fifths of one per cent for each complete month by which the age of the member at retirement exceeds the age of sixty years.

(5) A member who has not attained the pensionable age, but who has been in the service of the Council for a period of ten years or more, shall become pensionable under the provisions of section 14 if his employment with the Council be terminated—

(a) owing to his having become incapable of efficiently discharging his duties by reason of infirmity of mind or body, caused without his own default;

(b) as gevolg van 'n vermindering in, of re-organisasie van die Raad se personeel of die afskaffing van sy pos.

(6) Alle betalings ten opsigte van enige pensioen ingevolge subartikel (5) toegestaan, word deur die Raad gedoen totdat die afgetrede lid die ouderdom van—

(a) sestig jaar in die geval van 'n lid wat 'n lid van die fonds voor die inwerkingtreding van hierdie wysiging was; en

(b) drie-en-sestig jaar in die geval van 'n lid wat by die Fonds op of na die inwerkingtreding van hierdie wysiging aangesluit het, bereik het, waarna die betalings uit die fonds gedoen word."

6. Deur aan die begin van artikel 17 die volgende woorde in te voeg:—

„uitgesonderd soos in subartikel (3) van artikel 15 bepaal."

7. Deur aan die einde van artikel 18 die volgende woorde in te voeg:—

„met dien verstande dat, indien hy die ouderdom van vyf-en-vyftig jaar bereik het, hy geregtig sal wees om 'n jaargeld volgens die bepalinge van subartikel (3) van artikel 15 bereken te ontvang."

Administrateurskennisgewing No. 151.]

[5 Maart 1958.

MUNISIPALITEIT VENTERSDORP.—WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE EN REGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/98/35.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT VENTERSDORP.—WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE EN REGULASIES.

Die Verkeersverordeninge en Regulasies van toepassing op die Munisipaliteit Ventersdorp, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 60 van 9 Februarie 1949, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 31 en Bylae E te skrap.

Administrateurskennisgewing No. 152.]

[5 Maart 1958.

PADREELINGS OP DIE PLAAS ROODEPOORT No. 165, DISTRIK HEIDELBERG.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. D. H. Joubert vir die sluiting van 'n ongenommerde publiekepad op die plaas Roodepoort No. 165, distrik Heidelberg, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van die Pad-Ordonnansie, No. 9 van 1948, op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne dertig dae vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Provinsiale Sekretaris, Pretoria, skriftelik in te dien.

Ooreenkomstig subartikel (3) van die bogenoemde artikel word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat indien enige beswaar gemaak word, maar daarna van die hand gewys word, die beswaarmaker aanspreeklik gehou kan word vir die koste en uitgawes van 'n kommissie wat aangestel mag word, ooreenkomstig artikel *drie-en-dertig* as gevolg van sulke besware, of vir sodanige gedeelte van die koste en uitgawes as wat die Administrateur kragtens subartikel (4) van artikel *vyf-en-dertig* van die genoemde Ordonnansie mag bepaal.

T.A.E.A. 9-2-6-18-35.

(b) owing to a reduction in, or re-organisation of, the Council's staff or the abolition of his office.

(6) All payments in respect of any pension granted under sub-section (5) shall be made by the Council until the retired member attains the age of—

(a) sixty years in the case of a member who was a member of the Fund prior to the date of promulgation of these amendments; and

(b) sixty-three years in the case of a member who joined the Fund on or after the date of promulgation of these amendments,

after which date the payments shall be made from the Fund."

6. By the insertion at the beginning of section 17 of the words "save as is provided in sub-section (3) of section 15".

7. By the addition at the end of section 18 of the words "Provided that, if he has attained the age of fifty-five years, he may instead receive an annuity in terms of sub-section (3) of section 15".

Administrator's Notice No. 151.]

[5 March 1958.

MUNICIPALITY OF VENTERSDORP.—TRAFFIC BY-LAWS AND REGULATIONS AMENDMENT.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/98/35.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF VENTERSDORP.—TRAFFIC BY-LAWS AND REGULATIONS AMENDMENT.

Amend the Traffic By-laws and Regulations, applicable to the Municipality of Ventersdorp, published under Administrator's Notice No. 60, dated the 19th February, 1949, as amended, by the deletion of section 31 and Schedule E.

Administrator's Notice No. 152.]

[5 March 1958.

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM ROODEPOORT No. 165, DISTRICT OF HEIDELBERG.

In view of an application having been made by Mr. D. H. Joubert for the closing of an unnumbered road on the farm Roodepoort No. 165, District of Heidelberg, it is the Administrator's intention to take action in terms of section *thirty-two* of the Roads Ordinance, No. 9 of 1933, as amended by the Roads Amendment Ordinance, No. 9 of 1948.

It is competent for any person interested, to lodge his objections in writing with the Provincial Secretary, Pretoria, within thirty days of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

In terms of sub-section (3) of the said section it is further notified for general information that if any objection to the said application is taken, but is thereafter dismissed the objector may be held liable for costs and expenses of a commission that may, as result of such objections be appointed in terms of section *thirty-three*, or for such part of the costs and expenses as the Administrator may determine in terms of sub-section (4) of section *thirty-five* of the said Ordinance.

T.A.E.A. 9-2-6-18-35.

Administrateurskennisgewing No. 153.]

[5 Maart 1958.]

**GESONDHEIDSRaad VIR BUITESTEDELIKE
GEBIEDE—PLAASLIKE GEBIEDSKOMTIEE
VAN NOORD-OOS JOHANNESBURG.—VER-
KIESING VAN LEDE.**

Daar word bekendgemaak, ingevolge artikel 6 van die samestelling van Plaaslike Gebiedskomitees onder die jurisdiksie van die Gesondheidsraad vir Buite-Stedelike Gebiede geproklameer by Proklamasie No. 305 (Administrateurs-), 1956, dat die Administrateur 26 Maart 1958 bepaal het as die datum van verkiesing van lede van die Plaaslike Gebiedskomitee van Noord-Oos Johannesburg. T.A.L.G. 16/24/9.

Administrateurskennisgewing No. 154.]

[5 Maart 1958.]

**WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE
REIS- EN VERBLYFTOELAES VIR SKOOL-
RAADPERSONEEL EN PERSONE INGEVOLGE
ARTIKEL VYF VAN DIE ONDERWYSORDON-
NANSIE, 1953, AANGESTEL, WAT NIE LEDE
VAN DIE STAATSDIENS VAN DIE UNIE IS
NIE, EN VIR ONDERWYSERS.**

Die Administrateur, ingevolge artikel honderd een-en-twintig van die Onderwysordonnansie, 1953 (Ordonnansie No. 29 van 1953), wysig hierby die regulasies betreffende reis- en verblyftoelaes vir Skoolraadpersoneel en persone ingevolge artikel vyf van die Onderwysordonnansie, 1953, aangestel, wat nie lede van die Staatsdiens van die Unie is nie, en vir onderwysers, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 923 van 20 Oktober 1954, deur—

- (a) die woorde „of by sy huis” in te voeg na die woord „inrigting” in regulasie 3 (1);
- (b) (i) die woord „water” in te voeg na die woord „belasting” in regulasie 16 (4) (b);
- (ii) die woorde „een maand” waar hul in regulasie 16 (4) (b) voorkom te vervang deur die woorde „twee maande”; en
- (c) subregulasie (6) van regulasie 16 deur die volgende subregulasie te vervang:—

„(6) Betalings ingevolge subregulasies (3) en (4) word slegs gedoen as die amptenaar, werknemer of onderwyser sy huishouding en persoonlike besittings binne een maand vanaf die datum waarop sy oorpasing van krag word oorplaas, tensy hy voor die verstryking van hierdie tydperk toestemming vir die uitstel van oorpasing van sy huishouding of persoonlike besittings van die Direkteur verkry het.”

Administrateurskennisgewing No. 155.]

[5 Maart 1958.]

**WYSIGING VAN AANSTELLINGS- EN DIENS-
VOORWAARDEREGULASIES VIR DIE SKOOL-
RAADPERSONEEL EN VIR PERSONE AAN-
GESTEL INGEVOLGE ARTIKEL VYF VAN
DIE ONDERWYSORDONNANSIE, 1953, WAT
NIE LEDE VAN DIE STAATSDIENS VAN DIE
UNIE IS NIE.**

Kragtens die bepalings van artikel honderd een-en-twintig van die Onderwysordonnansie, 1953, wysig die Administrateur hierby met ingang van die eerste dag van Julie 1957, die regulasies afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 1054 van 23 Desember 1953, soos volg:—

WYSIGINGSREGULASIES.

- (a) Regulasie 1 word hierby gewysig deur die woord-omskrywing van amptenaar deur die volgende te vervang:—

„Amptenaar”, ’n persoon in die diens in die Professionele-, Gesondheidsdiens of Klerklike Afdeling.”

Administrator's Notice No. 153.]

[5 March 1958.]

**PERI-URBAN AREAS HEALTH BOARD—NORTH
EASTERN JOHANNESBURG LOCAL AREA
COMMITTEE.—ELECTION OF MEMBERS.**

It is notified, in terms of section 6 of the Constitution of Local Area Committees under the jurisdiction of the Peri-Urban Areas Health Board, proclaimed under Proclamation No. 305 (Administrator's), 1956, that the Administrator has determined the 26th March, 1958, as the date of election of members of the North-eastern Johannesburg Local Area Committee. T.A.L.G. 16/24/9.

Administrator's Notice No. 154.]

[5 March 1958.]

**AMENDMENT OF REGULATIONS RELATING TO
SUBSISTENCE AND TRANSPORT ALLOW-
ANCES FOR SCHOOL BOARD STAFF AND
PERSONS APPOINTED IN TERMS OF SECTION
FIVE OF THE EDUCATION ORDINANCE, 1953,
WHO ARE NOT MEMBERS OF THE PUBLIC
SERVICE OF THE UNION, AND FOR
TEACHERS.**

The Administrator, in terms of section one hundred and twenty-one of the Education Ordinance, 1953 (Ordinance No. 29 of 1953), hereby amends the regulations relating to subsistence and transport allowances for School Board staff and persons appointed in terms of section five of the Education Ordinance, 1953, who are not members of the Public Service of the Union, and for teachers, published under Administrator's Notice No. 923 of the 20th October, 1954, by—

- (a) the insertion of the words “or at his home” after the word “institution” in regulation 3 (1);
- (b) (i) the insertion of the word “water” after the word “rates” in regulation 16 (4) (b);
- (ii) the substitution of the words “two months” for the words “one month” where they occur in regulation 16 (4) (b); and
- (c) the substitution for sub-regulation (6) of regulation 16 of the following sub-regulation:—

“(6) Payments in terms of sub-regulations (3) and (4) shall only be made if the officer, employer or teacher transfers his household and personal effects within one month from the date on which his transfer takes effect, unless prior to the expiry of this period he shall first have obtained the approval of the Director to defer the removal of his household and personal effects.”

Administrator's Notice No. 155.]

[5 March 1958.]

**AMENDMENT OF THE REGULATIONS PRESCRIB-
ING THE CONDITIONS OF APPOINTMENT
AND SERVICE OF THE SCHOOL BOARD
STAFF AND PERSONS APPOINTED IN TERMS
OF SECTION FIVE OF THE EDUCATION
ORDINANCE, 1953, WHO ARE NOT MEMBERS
OF THE PUBLIC SERVICE OF THE UNION.**

The Administrator, in terms of section one hundred and twenty-one of the Education Ordinance, 1953, hereby amends, with effect from the first day of July, 1957, the regulations published under Administrator's Notice No. 1054 of the 23rd December, 1953, as follows:—

AMENDING REGULATIONS.

- (a) Regulation 1 is hereby amended by the deletion of the definition of “officer” and the substitution therefore of the following:—

““Officer” means a person employed in the Service in the Professional, Health Service or Clerical Division;”

- (b) Regulasie 3 (1) (a) word hierby gewysig deur al die woorde na die woorde „Professionele Afdeling”, te skrap en deur die volgende items te vervang:—
- „(i) Organiseerder—Onderwysbiblioteek.
 - (ii) Assistent-organiseerder — Onderwysbiblioteek.
 - (iii) Bibliotekaris.
 - (iv) Onderwyser-bibliotekaris.
 - (v) Assistent-bibliotekaris.
 - (vi) Assistent-onderwyser-bibliotekaris.”
- (c) Regulasie 3 (1) (b) word hierby gewysig deur die byvoeging na item (x) van die volgende item:—
- „(xi) Junior-assistent-bibliotekaris.”
- (d) Regulasie 3 (1) word hierby gewysig deur die volgende subregulasie daaraan toe te voeg:—
- „3. (1) (d) *Gesondheidsdiensafdeling.*
- (i) Hoofskoolverpleegster.
 - (ii) Dieetkundige.
 - (iii) Kliniekmatrone.
 - (iv) Skoolverpleegster.”
- (e) Regulasie 8 (1) word hierby gewysig deur die woorde „en in die Gesondheidsdiensafdeling” na die woord „Afdeling” in te voeg.
- (f) Regulasie 32 (a) word hierby gewysig deur—
- (i) die woord „seniorklerk” deur die woorde „Administratiewe Beampte” te vervang; en
 - (ii) die woorde „op ’n salarisskaal met ’n minimum salaris van £700 per jaar of meer” te skrap.

Administrateurskennisgewing No. 156.]

[5 Maart 1958.

MUNISIPALITEIT BRITS. — WYSIGING VAN VENTERS- EN MARSKRAMERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie en van artikel *vyftien* van die Konsolidasie en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945, goedgekeur is. T.A.L.G. 5/47/10.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT BRITS.—VENTERS- EN MARSKRAMERS-VERORDENINGE.

Die Venters- en Marskramersverordeninge van die Munisipaliteit Brits, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 327 van 2 Junie 1948, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 7 te skrap en deur die volgende te vervang:—

„7. *Beperking van strate en gebiede.*—Niemand mag die besigheid van venter of marskramer dryf op enige plek in die volgende strate en plekke nie:—

- (a) Murraylaan.
- (b) Pretoriaweg.
- (c) Van Deventerstraat.
- (d) Hoofweg.
- (e) Tomstraat.
- (f) Koöperasielaan.
- (g) Spoorwegstraat.
- (h) De Witslaan.
- (i) Kruisstraat.
- (j) Kerkstraat.
- (k) Pienaarstraat.
- (l) Van Veldenstraat.
- (m) Enige plek nader as 150 tree van enige bestaande besigheid:

Met dien verstande dat ’n venter van roomys op bogemelde strate en plekke mag vent mits hy sy voertuig nie langer as 10 minute op een plek laat staan nie.”

- (b) Regulation 3 (1) (a) is hereby amended by the deletion of all the words after the words “Professional Division” and the substitution therefor of the following items:—

- “(i) Organiser—Education Library.
- (ii) Assistant Organiser—Education Library.
- (iii) Librarian.
- (iv) Teacher Librarian.
- (v) Assistant Librarian.
- (vi) Assistant Teacher Librarian.”

- (c) Regulation 3 (1) (b) is hereby amended by the addition after item (x) of the following item:—

“(xi) Junior Assistant Librarian.”

- (d) Regulation 3 (1) is hereby amended by the addition of the following sub-regulation:—

“3. (1) (d) *Health Service Division.*

- (i) Chief School Nurse.
- (ii) Dietitian.
- (iii) Clinic Matron.
- (iv) School Nurse.”

- (e) Regulation 8 (1) is hereby amended by the insertion of the words “and the Health Service Division” after the word “Division”.

- (f) Regulation 32 (a) is hereby amended by—

- (i) the substitution for the words “senior clerk” of the words “Administrative Officer”; and
- (ii) the deletion of the words “on a salary scale with a minimum salary of £700 per annum or higher”.

Administrator's Notice No. 156.]

[5 March 1958.

MUNICIPALITY OF BRITS.—HAWKERS AND PEDLARS BY-LAWS AMENDMENT.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance and section *fifteen* of the Financial Relations Consolidation and Amendment Act, 1945. T.A.L.G. 5/47/10.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF BRITS.—HAWKERS AND PEDLARS BY-LAWS.

Amend the Hawkers and Pedlars By-laws of the Municipality of Brits, published under Administrator's Notice No. 327, dated the 2nd June, 1948, as amended, by the deletion of section 7 and the substitution therefor of the following:—

“7. *Restriction of Streets and Areas.*—No person shall conduct the business of hawker or pedlar in any place in the following streets and places:—

- (a) Murray Avenue.
- (b) Pretoria Road.
- (c) Van Deventer Street.
- (d) Main Road.
- (e) Tom Street.
- (f) Coöperation Avenue.
- (g) Railway Street.
- (h) De Wit Avenue.
- (i) Cross Street.
- (j) Church Street.
- (k) Pienaar Street.
- (l) Van Velden Street.
- (m) Any place nearer than 150 yards to any existing business:

Provided that a hawker of ice-cream may hawk in the aforesaid streets and places, provided he does not leave his vehicle in one place for longer than 10 minutes.”

Administrateurskennisgewing No. 157.]

[5 Maart 1958.]

MUNISIPALITEIT WARMBAD.—WYSIGING VAN ELEKTRISITEITVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/36/73.

BYLAE.**MUNISIPALITEIT WARMBAD.—WYSIGING VAN ELEKTRISITEITVOORSIENINGSVERORDENINGE.**

Die Elektrisiteitvoorsieningverordeninge van toepassing op die Munisipaliteit Warmbad, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 491 van 1 Julie, 1953, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Bylae 3 te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

„BYLAE 3.**ELEKTRISITEITVOORSIENINGSTARIEF.****DEEL I.****ALGEMENE VORDERINGS.**

Die volgende vorderings en voorwaardes is van toepassing vir die algemene dienste wat deur die Raad gelewer word:—

1. Algemene dienste.

	£	s.	d.
(a) Vir alle aansoeke van verbruikers om smeltdradé te repareer of stroombrekers te herstel wat die eiendom van die verbruiker is per aansoek	0	10	0
(b) Vir heraansluiting van enige installasie nadat dit weens wanbetaling, of op versoek van 'n verbruiker, afgesluit is ...	0	10	0
(c) Vir heraansluiting van enige installasie nadat dit afgesluit is weens verandering van verbruiker	0	5	0
(d) Vir die toets van 'n meter, in gevalle waar daar bevind word dat die meter nie 'n fout van meer as 5 persent aan weerskant aandui nie	1	0	0
(e) Vir spesiale aflesing van 'n meter	0	5	0
(f) Vir die hertoets van 'n installasie na versuim om die verordeninge na te kom	1	0	0
(g) Vir verwydering van 'n meter op versoek van 'n verbruiker	0	10	0
(h) Vir herinstallering van 'n meter wat op versoek van 'n verbruiker verwyder was	0	10	0
(i) Vir die inspeksie van latere toevoegings of verandering aan installasies	0	10	0
(j) Meterhuur, per maand	0	7	6
Bogenoemde heffing is betaalbaar waar 'n meter geïnstalleer is ook al is die toevoer gestaak.			
(k) Dienste gelewer buite die munisipaliteit is onderworpe aan 'n heffing van vervoerkoste van 1s. per myl.			
(l) Verbruikers moet 'n deposito stort wat gelykstaande is met die gemiddelde verbruik vir twee opeenvolgende maande, met 'n minimum van £3.			

2. Aansluitingsgelde.

(a) *Binne die Munisipaliteit.*—Die gelde vir die aansluiting van persele by die Raad se hoofleidings of veranderings aan bestaande aansluitings is in alle gevalle die koste, plus 10 persent, met 'n minimum van £5. Hierdie tarief geld in die geval van alle aansluitings, dit wil sê, bopgrondse, ondergrondse, enkel-, twee- en driefasige, laag- of hoogspanning.

(b) *Buite die Munisipaliteit.*—'n Bedrag van £24, wat slegs die lewering en installering van die meter dek, is betaalbaar benewens 'n vordering van die koste plus 10 persent van alle materiaal en arbeid benodig om die aansluiting te maak.

Administrator's Notice No. 157.]

[5 March 1958.]

MUNICIPALITY OF WARM BATHS.—ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS AMENDMENT.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/36/73.

SCHEDULE.**MUNICIPALITY OF WARM BATHS.—ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS AMENDMENT.**

Amend the Electricity Supply By-laws applicable to the Municipality of Warm Baths, published under Administrator's Notice No. 491, dated the 1st July, 1953, as amended, by the deletion of Schedule 3 and the substitution thereof of the following:—

“SCHEDULE 3.**ELECTRICITY SUPPLY TARIFF.****PART I.****GENERAL CHARGES.**

The following charges and conditions shall apply in respect of general services rendered by the Council:—

1. General Services.

	£	s.	d.
(a) For all calls received from consumers for the repair of fuses or the resetting of circuit breakers being the property of the consumers, per call	0	10	0
(b) For the reconnection of any installation after disconnection for non-payment, or on request of consumer	0	10	0
(c) For the reconnection of any installation after disconnection as a result of a change of consumer	0	5	0
(d) For the testing of meters in cases where the meter is found to show an error of not more than 5 per cent either way ...	1	0	0
(e) For a special reading of meter	0	5	0
(f) For the retesting of installation after failing to comply with by-laws	1	0	0
(g) For the removal of a meter at consumer's request	0	10	0
(h) For the re-installation of a meter removed at consumer's request	0	10	0
(i) For the inspection of subsequent additions or alterations to installations	0	10	0
(j) Meter rent, per month	0	7	6
The above charge shall be payable where a meter has been installed even though the supply be disconnected.			
(k) Services rendered outside the municipality shall be subject to a transport charge of 1s. per mile.			
(l) Consumers shall pay a deposit equal to two consecutive months' average consumption, subject to a minimum of £3.			

2. Connection Fees.

(a) *Inside the Municipality.*—The fees for connecting premises to the Council's mains or alterations to existing connections shall in all instances be cost plus 10 per cent., subject to a minimum of £5. This tariff shall apply in the case of all connections, i.e. overhead and underground, single, two- and three-phase, low or high tension.

(b) *Outside the Municipality.*—A charge of £24 covering the supply and installation of the meter only shall be payable in addition to a charge of cost plus 10 per cent of all material and labour required to effect the connection.

'n Deposito gelykstaande met die geraamde betaalbare bedrag moet gemaak word voordat die werk 'n aanvang neem. Sodra die aansluiting gemaak is moet die verbruiker die volle bedrag betaal indien die beraming minder as die betaalbare bedrag is; met dien verstande dat indien die betaalbare bedrag minder as die geraamde bedrag is, die Raad die bedrag wat te veel gestort is, moet terugbetaal.

(c) *Tydlike aansluitings.*—Die heffing vir 'n tydelike aansluiting is die koste van die arbeid om so 'n aansluiting te bewerkstellig plus 'n toeslag van 33½ persent daarop met 'n minimum vordering van £3.

DEEL II.

HEFFING OP ELEKTRISITEITVOORSIENING.

Die volgende maandelikse vorderings is van toepassing op elektrisiteit wat deur die Raad gelewer word:—

1. Binne die Munisipaliteit.

(a) *Huishoudelike gebruik insluitende woonstelle.*—(i) 'n Basiese vordering van 2s. per maand per £100 of gedeelte daarvan op die munisipale vordering van die verbeterings tot 'n maksimum van £1,700; daarna 1s. per £100 of gedeelte daarvan tot 'n maksimum van £2,500, plus 'n geld van 1d. per eenheid vir die eerste 500 eenhede, daarna ¾d. per eenheid verbruik; of anders.

Die waardering van 'n voorstel word bepaal deur die totale waardering van die verbeterings te verdeel deur die aantal woonstelle.

(ii) Vir die eerste 30 eenhede per maand, 10d. per eenheid, vir die volgende 60 eenhede in dieselfde maand 4d. per eenheid, daarna 1½d. per eenheid in dieselfde maand verbruik: Met dien verstande dat die minimum vordering 12s. per maand is, of elektrisiteit tot die bedrag gebruik word of nie.

(b) *Hotelle, losies- en koshuise.*—'n Basiese vordering van 1s. 9d. per maand per £100 of gedeelte daarvan op die munisipale waardering van die verbeterings plus 'n geld van 1d. per eenheid vir die eerste 3,500 eenhede, daarna ¾d. per eenheid verbruik: Met dien verstande dat die minimum vordering £2. 10s. 0d. per maand is, of elektrisiteit tot die bedrag verbruik is of nie.

(c) *Industriële verbruikers.*—(i) 'n Aanvraaggeld van 8s. 6d. per maand per Kva. van maksimum aanvraag, gemeet oor enige 30 agtereenvolgende minute gedurende die maand, plus 'n geld van 1d. per eenheid vir die eerste 5,000 eenhede, daarna ¾d. per eenheid verbruik; of anders.

(ii) 'n Aanvraaggeld van 6s. 8d. per maand per perdekras geïnstalleer, plus 'n geld van 1d. per eenheid vir die eerste 5,000 eenhede in 'n maand verbruik, daarna ¾d. per eenheid in dieselfde maand verbruik: Met dien verstande dat die minimum vordering die maksimum Kva. aanvraaggeld is of die aanvraaggeld vir die perdekras geïnstalleer, maar in elk geval nie minder as £2. 10s. 0d. nie.

Enige verbruiker wat 'n toevoer ooreenkomstig hierdie alternatiewe tarief neem, moet die koste bestry van die nodige addisionele metertoerusting wat geïnstalleer moet word.

(d) *Raad van Kuratore vir Minerale Baaie, en Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.*—Vir die eerste 5,000 eenhede in 'n maand verbruik 3d. per eenheid, daarna 1d. per eenheid in dieselfde maand verbruik: Met dien verstande dat 'n maandelikse minimum geld van £40 betaalbaar is, of elektrisiteit tot dié bedrag verbruik is of nie.

(e) *Besighede, kantore, werksinkels, kafees, bioskope, vulstasies, landdroskantore, polisieostasies, poskantoor, skole, koshuise, hospitale en kerke.*—Vir die eerste 50 eenhede in 'n maand verbruik, 10d. per eenheid; vir die volgende 350 eenhede in dieselfde maand verbruik, 2½d. per eenheid, daarna 1d. per eenheid in dieselfde maand verbruik: Met dien verstande dat 'n maandelikse minimum geld van 15s. betaal is of elektrisiteit tot die bedrag verbruik is of nie.

(f) *Tydlike verbruikers.*—Vir tydelike verbruikers alle eenhede teen 10d. per eenheid.

Before the work is commenced, a deposit equal to the estimated amount due shall be paid. After the connection is completed, the consumer shall pay the full amount if the estimated amount be lower than the amount due: Provided that if the amount due be less than the estimated amount, the Council shall refund the amount overpaid.

(c) *Temporary Connections.*—The charge for a temporary connection shall be the cost of labour to effect such connection plus a surcharge of 33½ per cent thereon, subject to a minimum charge of £3.

PART II.

ELECTRICITY SUPPLY CHARGES.

